

Saterdag 24 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10a

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:9

Wees gewaarsku! Daar sal valse profete en dwaalleraars kom!

Dwaalleraars en valse profete het die kerk binnegedring, is vandag nog besig en sal tot en met die wederkoms van Christus daarop uit wees om hulle dwaalleer te versprei. In hierdie tweede Brief waarsku Petrus die Here se kerk teen dié wolwe in skaapsklere. Listige teenstanders wat gelowiges mislei, op sleeptou neem en uitbuit met valse leer en profesieë.

Petrus maan tot onderskeiding! Gelowiges moet die geeste op die proef stel en altyd die Skrif as enigste maatstaf neem. Dit is die toets: “... *geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer het mense die woord wat van God kom, verkondig*” (1 Pet. 2:20-21). God se Woord staan vas! Enige menslike oorwegings en profesieë moet blootgestel word aan die evangelie wat soos ’n lamp in ’n donker plek skyn.

As Koning van sy kerk hou Jesus Christus die wag. Hy beskerm sy gemeente teen die aanslae van die bose en dra sorg dat die poorte van die doderyk dit nooit oorweldig nie. Daarvoor hou die Heilige Gees sy kerk in hierdie wêreld op die Weg van die waarheid.

As Regter oordeel Hy regverdig. In verse 4-10a noem die apostel voorbeelde uit die heilsgeskiedenis: die sondeval in die hemel, die sondvloed en die gebeure rondom Sodom en Gomorra.

Petrus kom tot die gevolgtrekking, en dit is ons troos vandag: “*Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf ...*” (:9).

Vir dié wat ’n ander evangelie verkondig, lê hier ’n uitdruklike waarskuwing en vermaning. Daar is nog tyd, keer terug na God en sy Woord! Vir die gelowige wat vashou aan die evangelie, getrou bly en die oorwinning behaal, wag die heerlike kroon van Jesus Christus.

Mag die Here sy kerk en elke lidmaat vashou in die beproewende tye waarin baie vreemde winde waai!

Sing: Skrifberyming 15-7:4

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)